UITERS GEHEIM

UITERS GEHEIM

54

SPES T/311/1/81

28 Nov 79

Van: HSI

Aan: H SAW

SAMESPREKINGS MET ARGENTYNSE INLIGTINGSDIENS

1. Die Kroate beplan 'n opstand in Joegoeslawië gedurende die Olimpiese Spele in Moskou in 1980. Die opstand sal tussen 15 Jul en begin Aug 80 plaasvind. Ongeveer 1 500 Kroate sal vir hierdie doel in Argentinië opgelei word in kommunikasie, propaganda, sabotasie en stafwerk. Hierdie opstand van die Kroate word beplan om saam te val met 'n opstand in Albanië wat deur Koning Leka ge-organiseer word. Ook in hierdie opstand be-oog die Argentyne hulpverlening.

2. Weens die feit dat die Argentyne moeilik die hele groep sal kan oplei, is die RSA versoek om na hulle beplanning te kom kyk en ook kontak te maak met die persone in beheer van die operasie sodat ons kan bepaal of ons hulp in die vorm van 'n opleidinggebied met instrukteurs kan voorsien.

3. Verder word ook 'n coup d'état in Haiti beplan vir 17 Des 79. Vir hierdie doel benodig hulle 'n verdere 1 milj rand.

4. Om dus ten volle op hoogte te kom van wat die Argentyne beplan mbt bogenoemde operasies en terselfdertyd met die Argentynse Inligtingstawwe Leër, Lugmag en Vloot, kontak te maak word voorge= stel dat Kol Knoetze Argentinië besoek en hom vergewis van die beplanning van die operasies sonder om die RSA te verbind.

5. Die volgende beraamde onkostes word voorsien:

| | | |
|---|---|---|
| a. | Vliegtuigkaartjie retoer Buenos Aires | R 1 310-00 |
| b. | Hotelverblyf teen R100-00 per dag | R 400-00 |
| c. | Onvoorsiene uitgawes R50-00 per dag | R 200-00 |
| d. | Totaal | R 1 910-00 |

6. Aanbeveling. Dat Kol Knoetze Buenos Aires oor die tydperk 2 - 6 Des 79 besoek om met die Argentynse Inligtingstawwe kontak te maak mbt hulle aandeel in operasies beplan in Joegoslawië, Albanië en Haiti.

HOOF VAN STAF INLIGTING: GENL MAJ

GOEDGEKEUR / AFGEKEUR

HOOF VAN DIE SA WEERMAG: GENL

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2014-02-18
J.A.L. STEINMANN
72563596PE WO1

UITERS GEHEIM

UITERS GEHEIM